Charine de Ridder (MEdPsig)
Studieleier: Prof E Swart

## Samewerking in voldiensskole: Leerondersteuningsonderwysers se rolle en praktyke

Een van die belangrikste strategieë in Suid-Afrika vir die implementering van inklusiewe onderwys was die byvoeging van ŉ bykomende skoolkategorie, bekend as voldiensskole. Hierdie skole is hoofstroomskole wat op so ŉ manier funksioneer dat hulle reageer op die volle omvang van leerbehoeftes van alle leerders. Die doel van voldiensskole is nie net om toegang te bied aan leerders met matige of selfs hoë vlakke steunbehoeftes nie, maar ook om te verseker dat die skool waartoe hulle toegang het deur samewerking met die regering en gemeenskapsdienste die nodige ondersteuning aan hulle kan bied. Leerondersteuningonderwysers is aan voldiensskole toegewys met die verwagting dat hulle aan intersektorale netwerke en samewerkings sal deelneem onderwyl hulle vennootskappe bemiddel waardeur verskeie rolspelers die geleentheid sal kry om gesamentlik kennis te ontwikkel.

Die teoretiese raamwerk vir hierdie studie was die kultuur-historiese aktiwiteitsteorie (CHAT). In hierdie studie was die objek ingevolge die teorie toegang en gehalte-onderrig vir alle leerders deur responsiewe pedagogieë. Die interpretasie van so ŉ objek kan uiteenlopend wees na gelang van subjekte se interpretasies, vorige en huidige verhoudingsmagstryde in die spesifieke stelsel en die konteks. CHAT as ŉ ondersoeklens maak voorsiening vir die verkenning van verhoudingstryde wat die doelgerigte aksie onderstut. Die leerondersteuningonderwyser as ŉ lid van die voldiensskool en die distrik kan ŉ noodsaaklike rol as moontlike grensbemiddelaar vervul, wat responsiewe praktyke kan ontwikkel om tussen stelsels te bemiddel ten einde nuwe maniere te onderhandel om te verseker dat objekte die onderwysuitkoms van insluiting en onderwys vir almal bereik. Dit staan as grensoorbruggingsvaardigheid bekend. Die studie was daarop gemik om narratiewe van leerondersteuningonderwysers se weë van samewerking en verhoudingsagentskap en hul rol in die ontwikkeling van inklusiewe pedagogieë in voldiensskole te ontwikkel.

ŉ Interpretatiewe gevallestudie-ontwerp is gebruik om diepgaande beskrywings en ontledings van ŉ gebonde stelsel, bestaande uit vier leerondersteuningonderwysers in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en by voldiensskole geplaas, te verskaf. Deelnemers is deur niewaarskynlikheidsteekproefneming gekies en data is ingesamel deur vier individuele semigestruktureerde onderhoude, dokumentontleding en veldnotas op grond van waarneming. Die data het getoon dat leerondersteuningonderwysers die nodige stem, vaardighede en lidmaatskap moet hê ten einde veranderingsagente te wees wat beleid bemiddel op grond van die spesiale konteks van die skool waarin hulle geplaas is. Hul sukses is afhanklik van hul vermoë om vennootskappe deur verhoudingsagentskap in ŉ spesifieke konteks te bemiddel. ŉ Individu, met of sonder lidmaatskap, kan egter nie die nodige vlak van verandering teweegbring wat nodig is om voldiensskole funksioneel te maak nie. Die skoolbestuur en hul waardes en houdings teenoor die implementering van inklusiewe onderwys moet aan boord kom ten einde grondliggende institusionele verandering teweeg te bring.